# Resensies / Reviews


- Malan, Magnus. 2006. **My lewe saam met die SA Weermag.** Pretoria: Protea Boekhuis.
  (*Theo Neethling*) .............................................................. 519
- Van Waart, Sue. 2006. **Zitzekamma: boomkatedraal van die Tuinroete.** Pretoria: LAPA Uitgewers.
  (*Belia van der Merwe*) ...................................................... 522
- Vosloo, Robert. 2006. ***Engele as gaste?* In gesprek oor gasvryheid teenoor "die ander".**
  Wellington: Lux Verbi.BM.
  (*Klasie Heystek*) .............................................................. 524
- Schoeman, Karel. 2007. **Early slavery at the Cape of Good Hope, 1652-1717.** Pretoria: Protea Book House.
  (*André Wessels*) .............................................................. 526
- Stassen, Nicol & Van der Heyden, Ulrich, *compt*. 2007. **German publications on the Anglo-Boer War / Duitse publikasies oor die Anglo-Boereoorlog / Deutsche Publikazionen über den Anglo-Burenkrieg.**
  Pretoria: Protea Boekhuis.
  (*Fransjohan Pretorius*) ..................................................... 528
- McGinnis, Alan L. 2007. **Selfvertroue: die sleutel tot jou ware self.** Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
  (*Esmé van Rensburg*) ...................................................... 531

## Resensies / Reviews

# Magnus Malan en die Suid-Afrikaanse Weermag

**Malan, Magnus.** 2006. **My lewe saam met die SA Weermag.**
Pretoria: Protea Boekhuis. 518 p. Prys: R180,00.
ISBN: 1-86919-113-7.

**Resensent**: Theo Neethling
Fakulteit Krygskunde, Militêre Akademie,
Universiteit van Stellenbosch

’n Verskeidenheid insiggewende werke het oor die afgelope jare oor die laaste dekades van die Nasionale Partyregering verskyn. Ook is werke gepubliseer wat spesifiek fokus op die rol wat die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) vanaf die sestigerjare tot 1994 gespeel het. Van die bekendste werke is *Days of the generals* deur Hilton Hamman (2001) en *Dié wat wen:* ’n *Generaal se storie uit* ’n *era van oorlog en vrede* (1993) uit die pen van genl. Jannie Geldenhuys. Nou kom genl. Magnus Malan, voormalige Hoof van die SAW en oud-Minister van Verdediging met sý lywige weergawe.

Hierdie werk boekstaaf die memoires van Magnus Malan en beskryf sy aktiewe lewe en loopbaan wat vir meer as 40 jaar met die militêr onder die vorige bewind ineengestrengel was. Reeds vroeg het Malan se loopbaan hom na interessante plekke geneem en het hy onder andere bevelsaanstellings gehad op Robbeneiland en die toenmalige Suidwes-Afrika, terwyl hy ook diens gedoen het as *aide-de-camp* vir die destydse Goewerneur-Generaal, dr. E.G. Jansen, en krygskundige opleiding in die VSA ontvang het. Voorts is senior bevelsposte aan hom toevertrou by die Militêre Akademie op Saldanha en die Kasteel in Kaapstad. Vanaf die Kasteel is hy verplaas na Pretoria waar hy vinnige opgang gemaak het in top bevels-

geledere: vanaf Hoof van Leëroperasies na Adjunkhoof van die Leër en uiteindelik Hoof van die Leër. Hoofstukke 1 tot 5 van die boek dokumenteer hierdie en verbandhoudende sake en gee die leser ook waardevolle insae in die rol wat hy gespeel het in die ontwikkeling van 'n omvangryke Nasionale Dienspligstelsel, hoofsaaklik vir wit mans en sy beskouing van hoe Suid-Afrika se veiligheid geraak is deur politieke ontwikkelings in sy omliggende buurstate, veral die toenmalige Suidwes-Afrika en Angola.

Hoofstukke 6 tot 14 fokus grootliks op gebeure tydens Malan se dienstermyn as Hoof van die SAW. Dit handel oor die tyd toe 'n toename in die intensiteit van konflik in Suidwes-Afrika en Angola voorgekom het en beskryf hoe Suid-Afrika deur die VSA aangemoedig is om by 'n anti-kommunistiese stuitpoging in Angola betrokke te raak. Operasie Savannah, "die liggies van Luanda", en die gevolge van politieke klimaatsverandering in die VSA op die situasie in Angola ná die bedanking van pres Richard Nixon – waaroor daar reeds heelwat geskryf is – word hier uit Malan se gesigspunt behandel. Voorts is daar uitvoerige mededelings oor en perspektiewe op die verskillende weermagsdele; die vereistes vir 'n suksesvolle weermag; die bestuur en organisatoriese samestelling van die SAW; gebeure op die operasionele front, waaronder verskeie militêre operasies en die omstrede gebeure by Cassinga; en die skep van 'n Nasionale Veiligheidsbestuurstelsel ingevolge waarvan die SAW invloedryke verteenwoordiging op die Staatsveiligheidsraad verkry het. Van hierdie sake is deeglik in vorige gepubliseerde werke bespreek, maar dit bly nogtans interessante leesstof uit die perspektief van 'n toenmalige weermaghoof en latere Minister van Verdediging. Dit sluit sterk aan by die memoires van genl. Jannie Geldenhuys, Malan se latere opvolger as Hoof van die SAW, en bevestig inderwaarheid die aard en kern van die strategiese denke en veiligheidsparadigma wat weermagbedrywighede en verwante aksies in daardie era onderlê het.

Hoofstukke 15 tot 26 handel uitvoerig oor Malan se rol as Minister van Verdediging en derhalwe oor sy verantwoordelikheid vir die politieke beheer van die SAW. Hierdie hoofstukke sluit almal sterk aan by dit wat hy deurgaans in die boek aanvoer, naamlik dat dit onbillik is om die SAW daarvan te beskuldig dat hy daarop uit was om willens en wetens bose praktyke te beskerm. Trouens, sy betoog is dat die SAW die klimaat help skep het waarin 'n nuwe politieke bedeling vir Suid-Afrika in vrede onderhandel kon word. Met dit gesê, bespreek Malan verskeie instellings, persoonlikhede en belangrike gebeure wat in die afgelope dekades (soms uiters) kontro-

versieel was en wye internasionale en nasionale mediadekking geniet het. Hieronder tel sake soos die rol van Krygkor as wapenvervaardiger en teenvoeter vir internasionale wapenboikotte teen Suid-Afrika; die vliegongeluk en dood van oudpresident Samora Machel van Mosambiek; die ontmaskering van die oppervlootoffisier, Dieter Gerhardt, as Russiese spioen; die rol en werksaamhede van die Burgerlike Samewerkingsburo; die SAW se chemiese en biologiese wapenprogram (*Projek Coast* onder leiding van dr. Wouter Basson); Malan se verskuiwing van die Ministerie van Verdediging na Waterwese en Bosbou in 1991; die afdanking van 23 weermagoffisiere deur die destydse staatspresident, F.W. de Klerk tydens die sogenaamde nag van die generaals; en Malan se uiteindelike uittrede uit die politiek in 1993. Ander meer onlangse sake waaroor Malan breedvoering uitwei, is sy en ander gewese senior en opperweermagoffisiere se vervolging en vryspraak in die Kwa-Makutahofsaak, en die SAW se openbare voorleggings aan die Waarheids- en versoeningskommissie. Oor al die genoemde sake spreek Malan hom baie openhartig en soms skerp uit, ofskoon hy dit nooit op ’n nydige of onbehoorlike wyse doen nie.

Talle interessante en belangwekkende punte word in die boek gemaak, waaraan hier nie aandag geskenk kan word nie. Die leser met ’n belangstelling in hierdie tipe sake sal nie die boek uit verveling eenkant plaas nie. Selfs die ingewyde en kundige leser sal die boek interessant vind en stof tot nadenke daaruit put, ofskoon van die perspektiewe reeds gedokumenteer is in die voormelde werke van Jannie Geldenhuys en Hilton Hamman. Daar is egter ook diegene wat sal volhou dat Malan hopeloos te partydig is en eensydig met die waarheid omgaan. Daar bestaan immers as gevolg van politieke verskille en uiteenlopende oortuigings verskillende houdings teenoor die rol en beeld van die voormalige SAW. Hoe dit ook al sy, hierdie lywige werk boekstaaf die memoires van ’n invloedryke militêre en politieke figuur uit die “ou” Suid-Afrikaanse bedeling en moet in daardie konteks beoordeel word. Terselfdertyd voer Malan tereg aan dat om die SAW in die uitvoering van sy taak te beoordeel, vereis dat talle gebeure, invloede en faktore in samehang beskou moet word. “Om gister te beoordeel, moet gister se omstandighede in ag geneem word. Om die verlede se besluite en optredes te beoordeel, moet ons weet watter faktore in daardie tyd bepalend was” (p. 159). Met dit gesê, word die boek met vrymoedigheid vir belangstellendes aanbeveel om dan uiteindelik sélf te oordeel in welke mate Magnus Malan ’n insiggewende en betekenisvolle bydrae lewer om “die waarheid” aangaande die verlede bloot te

lê, of andersins minstens kennis te neem van sy beskouings, vertolking en bestuur van sake.

# Zitzekamma – kontreiparadys

**Van Waart, Sue.** 2006. **Zitzekamma: boomkatedraal van die Tuinroete.** Pretoria: LAPA Uitgewers. 208 p. Prys: R120,00. ISBN: 0-7993-3812-5.

**Resensent**: Belia van der Merwe
Mafiking

*Zitzekamma: Boomkatedraal van die Tuinroete* is die verhaal van ’n spesifieke streek, “weggesteek in ’n woud van groen plante en bome, turkooisblou seewaters, bruin riviere en diep dale”. Dit is geskryf, in opdrag en met aansporing van LAPA Uitgewers, deur die bekende kontreiskryfster, Sue van Waart, uit wie se pen al talle soortgelyke boeke oor ander dele van Suid-Afrika verskyn het.

As motivering en verduideliking van die effens ongewone spelling *Zitzikamma*, in teenstelling met die algemene vorm *Tsitsikamma*, verklaar die skryfster dat sy die oudste spelvorm soos dit op ou Admiraliteitskaarte en landmetergeneraal-dokumente voorkom, deurgaans handhaaf. Die naam het verskeie betekenisse. Sommige mense beweer dit beteken “ronde water”, ander weer beweer dit is in voorjare “Tzitzikama” gespel wat in Khoitaal “baie nat” beteken.

Hoe dit ook al sy, die verhaal van *Zitzekamma* begin inderdaad ver terug – by die strandlopers wat eeue en eeue gelede daar gewoon het. Aan die einde van die eerste hoofstuk verklaar die skryfster dan ook:

> ’n Besoek aan die Zitzekamma is ’n kopskuif na nugter weet hoe ver terug, met splinternuwe inligting omtrent ons land se voormense. Selfs eenvoudige skulpdiertjies – wat nog te sê die res van die omgewingslewe – laat ons goed verstaan dat die helfte nog nie vertel is nie. Die woud self bewaar ook nog vele geheime (p. 16).

Met die lees van *Zitzikamma: Boomkatedraal van die Tuinroete* kom die leser onder die indruk van die deeglike en sorgvuldige navorsing wat die skryf daarvan voorafgegaan het. Dit wil voorkom

asof die skryfster so veel as moontlike bronne bestudeer het om so ’n duidelike en volledige beeld as moontlik van die Zitzikamma te kan gee. Élke aspekte van dié bepaalde bosstreek kry aandag: die geskiedenis, geografie, mense en hulle bedrywighede, plante- en dierelewe en ekologiese vraagstukke. Voorbeelde van laasgenoemde is die vernietiging van groot stukke bos, van vroeërtyd se onoordeelkundige afkap van bome om in allerhande houtbehoeftes te voorsien, tot die meer onlangse ontbossing om plek te maak vir vakansiegeriewe en toerisme, asook die uitdelging van diere soos buffels (die laaste een is in 1883 geskiet) en olifante.

Nie alleen word ’n magdom feite in hierdie boeiende vertelling weergegee nie, maar talle interessante staaltjies word ook aangeteken. Soos byvoorbeeld dat dit Jan Van Riebeeck se lyfarts, dr. Pieter van Meerhof was wat tabakgebruik inheems bekend gestel het en die mense geleer het om die rook in te trek (p. 14). Die protea-, speldekussing- en heidewêreld heet fynbos. “Fýnbos, omdat dit nie bome word nie” (p. 18), en “stinkhout” “stink” nie, dit gee net ’n besondere reuk af as dit bewerk word (p. 129).

’n Hele galery mense, van die vroegste tye af tot vandag toe, word aan die leser bekend gestel. So hoor ’n mens byvoorbeeld van die *Comte de Vaselot de Regne* wat in die 19e eeu deur kaptein Harison, die eerste bosbewaarder in die Kaap, aangestel is om na die Suid-Kaapse woude om te sien. Die *Comte* het dadelik die basiese beginsels van bosbestuur begin toepas wat vandag nog geldig is. Beperkings en stelsels is afgedwing en in gedeeltes waar groot lappe aarde afgebrand was, is denneplantasies aangeplant – alles tot groot ontevredenheid van die bosmense. ’n Tydgenoot van die *Comte* was die geniale padbouer, Thomas Bain, wie se deursettingsvermoë en padbouvermoëns deur al sy biograwe besing word.

Die skryfster het talle onderhoude gevoer met mense wie se lewens op die een of ander manier deel uitmaak van die Zitzekamma-verhaal. Uit dié opgetekende gesprekke kom nie alleen kosbare brokkies inligting oor ’n wêreld en ’n leefwyse wat verbygegaan het nie, maar ook interessante feite oor hedendaagse bedrywighede. So byvoorbeeld is daar polovelde by Kurland op The Crags waar eertydse boskapperhuisies plek gemaak het vir een van die mees gesogte polobestemmings ter wêreld – “Oopte op oopte, pologronde, wit paaltjiesheinings, pragperde en luukses” (p. 65).

As alle paaie na Rome lei in ’n ander wêreld, lei dit volgens die skryfster “in die Zitzekamma altyd terug bosse toe. En na hout”

(p. 31). Die bos is die sentrale gegewe in die boek: haas alles wat beskryf word, hou op die een of ander manier verband met die bos en sy siel van “reuse bome, digte kreupelhout, volop donkerkleurige waterstrome, singende, kwetterende, kleurryke voëls, diep donker valleie en afgronde” (p. 17).

Na die lees van *Zitzekamma: Boomkatedraal van die Tuinroete* is ’n mens diep onder die indruk van die grootsheid van die bos en begryp jy iets van die unieke skoonheid van die streek en die eiesoortige mense wat daar woon en gewoon het. Dit is amper asof jy self daar was.

My enigste punt van kritiek ten opsigte van die boek is dat daar nie ’n kaart of kaarte afgedruk is waarop die plekke waarvan geskryf word, aangedui is nie. Hiermee sou die leser homself beter kon oriënteer ten opsigte van plek, ligging, afstand, ensovoorts.

Ten spyte hiervan is *Zitzekamma: Boomkatedraal van die Tuinroete* egter ’n aangename leeservaring en ek kan dit met vrymoedigheid aanbeveel.

# Gasvryheid

**Vosloo, Robert.** 2006**. *Engele as gaste*? In gesprek oor gasvryheid teenoor “die ander”.** Wellington: Lux Verbi.BM. 168 p. Prys: R89,95. ISBN: 978-0-7963-0429-7.

**Resensent**: Klasie Heystek (emeritus)
Gereformeerde Kerk Wapadrant

Robert Vosloo is reeds sedert 2005 senior lektor in Ekklesiologie by die Teologiese Fakulteit op Stellenbosch. Hy is baie wyd belese en verstaan daarby die kuns om besonder prikkelend te skryf en raak te formuleer. ’n Hele lys boeke en artikels deur hom getuig hiervan.

In hierdie boek gaan dit oor die belangrike saak van gasvryheid waartoe God almal oproep. Tereg toon die skrywer aan dat egte Christelike gasvryheid oor veel meer gaan as vriendelike onthale oor en weer. Gasvryheid *gaan oor mense wat tyd en ruimte maak vir die verwelkoming van ander* (p. 129). Hierdie *ander* moet so wyd as

moontlik verstaan word. Dit is mense van ander gelowe en denominasies, vlugtelinge, trekarbeiders, immigrante, migrante, toeriste, trouens almal wat ons pad kruis.

In ons globale leefwyse het die aarde baie klein en oop geword. Ons het ongekende geleenthede om na ander uit te reik om so ander te beïnvloed en self ten goede beïnvloed en verryk te word. Miljoene uit verskillende kulture, volke, nasies en gelowe deurkruis ons planeet. Veral in Suid Afrika met sy diverse sosiale en rasse- (etniese) samestelling sal dit altyd aktueel bly.

Die titel van die werk is ontleen aan Genesis 18:1-16 en Hebreërs 13:2 waar vermeld word dat kinders van God deur hulle gasvryheid bevoorreg was om *engele* te ontvang. God kom naby ons deur gestuurde *engele* wat God se heil en goedheid in ons lewe indra. Gasvryheid is daarom nie net ’n morele kwessie nie, maar ’n wyse waardeur God ons wil bedien en seën. Deur ongasvry te wees, verloor ons baie aan geleenthede vir ander en onsself.

Die kernmodus van gasvryheid is *gesprek,* soos die subtitel aandui: *In gesprek oor gasvryheid teenoor ander.* Dit is belangrik dat ons in Suid-Afrika voortdurend mekaar sal opskerp oor hierdie belangrike saak. Die wese van gasvryheid is liefde vir en vriendelikheid teenoor alle mense. Baie wantroue en misverstande word deur gasvryheid oorwin en uit die weg geruim.

Die skrywer het baie wyd oor die saak gelees en skryf onderhoudend. In sy ondersoek kyk hy na weerstande en probleme om gasvry te wees (Hoofstuk 1). Hy laat ons ook sien hoe gasvryheid in die Bybel funksioneer en hoe dit was in die vroeë kerk; hy maak ’n draai by die Grieks-Romeinse kultuur; hy luister na stemme uit die 20e eeu en selfs na gasvryheid en ubuntu. Dit is alles in Hoofstuk 2 te vind. In die derde en laaste hoofstuk gaan dit oor die praktyke van gasvryheid. Hier word besin oor hoe politieke, ekonomiese en Christelike gemeenskappe gasvry kan wees.

Ek beveel die boek van harte aan. Dit is ’n boek vir elkeen, maar in die besonder vir leraars, onderwysers en leiers om hulself toe te rus vir toerusting aan ander. Wonderlike vrugte word by die uitvoering hiervan gepluk! Ons gelukwense aan die skrywer.

# An excellent study of slavery at the Cape

**Schoeman, Karel.** 2007**. Early slavery at the Cape of Good Hope, 1652-1717.** Pretoria: Protea Book House. 507 p. Price: R200,00. ISBN: 978-1-86919-147-4.

**Reviewer**: André Wessels
Department of History, University of the Free State

Karel Schoeman (born in 1939) is one of South Africa's most prolific and leading authors, well-known for both his works of fiction and non-fiction. After establishing himself as a distinguished Afrikaans novelist, he ventured into the domain of history, especially cultural history. In the course of the past 30 years or so, he has produced several major historical works, both in Afrikaans and in English, including a general survey of the first century and a half of white settlement in South Africa (*Armosyn van die Kaap: die wêreld van 'n slavin, 1661-1733*, first printed in 2001, 2nd ed.: 2006), and a collection of seventeenth-century Cape biographies (*Kinders van die Kompanjie*, 2006).

Slavery is a blot on the history of so-called Christian Western civilisation. It is significant to note that as early as 1653 – i.e. only a year after whites under the leadership of Jan van Riebeeck settled at the Cape – the first slaves were imported to the refreshment station which in due course developed into a full-fledged colony. Slavery remained an institution at the Cape until the end of the Dutch period at the end of the eighteenth/beginning of the nineteenth century, and well beyond. In fact, it was not until 1834, under the British administration, that the Cape slaves were eventually emancipated.

In this latest publication, *Early slavery at the Cape of Good Hope, 1652-1717*, Schoeman describes the proliferation of slavery from the Dutch colonies in East Asia, and the first 60 years of its development under local conditions. His meticulous historical account is based mainly on contemporary sources, and provides as much information on individual slaves and their lives as these sources allow. Attention is also given to the gradual manumission of the slaves and the development of a "free black" community at the Cape towards the end of the seventeenth century. The book concludes

with the year 1717, when the Council of Policy at the Cape admitted to their principals in the Netherlands that, in the course of a mere 60 years, the colony had become committed to, and dependent on, slave labour. In the course of the book's nine chapters, the first slave imports to the Cape are described, along with the slave trade in and from Batavia and Madagascar, the world of slaves, with special reference to the Slave Lodge, and the slaves of private owners, and resistance and control. In addition, patchwork biographies are provided of three individual slaves – two women and one man: one from the Far East, one from Africa and one locally born – whose lives span the first, approximately 75 years of colonial history at the Cape. As Schoeman says, these lives are of value because of what they have directly contributed to our knowledge of the world of early Cape slavery, despite the relatively small extent of this contribution.

Recently, there has been a steadily increasing awareness of, and interest in, slavery in the Cape Colony. But, as Schoeman correctly points out, most of the work that has been done on this subject is in Dutch or in Afrikaans, with only a few general surveys in English. Consequently, the purpose of Schoeman's new book is to bring together the widely scattered information on the first, approximately 60 years of slavery at the Cape, and to make it available to a wider audience. The wide scope of the book is underscored by inter alia the long list of names included in the index of personal names (see p. 463-476), as well as the many subjects, themes, et cetera that are referred to in the general index (p. 477-507).

Schoeman has added another remarkable work to his already extensive and impressive oeuvre, once again giving a voice to people in marginalised positions, filling the historical silences with regard to a topic that many people are unaware of or prefer to ignore. *Early slavery at the Cape of Good Hope, 1652-1717* indeed touches on a sensitive point in South African and world history. But Schoeman deals with the subject very professionally and in a scholarly fashion. He allows the cruel facts to speak for themselves; and consequently, there are many verbatim quotations from contemporary documents. The book's findings are based on published sources, both primary and secondary (see the source list, p. 456-461). The study attests to excellent research – a factor that is underscored by the no fewer than 1 982 endnotes (see p. 389-455). The book does, to some extent, overlap with Schoeman's earlier books dealing with slavery and the early history of the Cape Colony (see the sources referred to in the first paragraph of this review, *supra*), but the new

publication is clearly intended for English speaking and non-South African readers. However, even those who have read the Afrikaans books should treat themselves to Schoeman's excellent new study of a fascinating, albeit tragic, era in the history of our country.

# Duitsland en die Anglo-Boereoorlog

**Stassen, Nicol & Van der Heyden, Ulrich,** *comp*. 2007. **German publications on the Anglo-Boer War / Duitse publikasies oor die Anglo-Boereoorlog / Deutsche Publikazionen über den Anglo-Burenkrieg.** Pretoria: Protea Boekhuis. 88 p. Prys: R150,00. ISBN: 978-1-86919-118-4.

**Resensent**: Fransjohan Pretorius
Departement Historiese en Erfenisstudies,
Universiteit van Pretoria

Na afloop van die 100-jarige herdenking van die Anglo-Boereoorlog (1999-2002) kry aktiewe deelnemers daaraan deesdae dramaties meer nagrus, wat op 'n afname in belangstelling in die oorlog dui. Dit beteken egter nie dat die belangstelling en as gevolg daarvan die stroom publikasies oor hierdie veelbewoë tydperk opgedroog het nie. Toonaangewend met sulke publikasies is Protea Boekhuis en sy grootbaas, Nicol Stassen. Dit wek dus nie verbasing nie dat hy persoonlik medesamesteller van hierdie waardevolle publikasie is.

Die Anglo-Boereoorlog het terwyl dit gewoed het, groot belangstelling in Europa gaande gemaak. Die politieke opset in Europa en veral die oorheersing van die Britse vloot het die geleentheid aan Brittanje gebied om sy stryd teen die Boererepublieke te voer sonder vrees van Europese inmenging. Die telegram van gelukwense wat keiser Wilhelm II van Duitsland in 1896 aan president Paul Kruger gestuur het ná die gevangeneming van dr. L.S. Jameson en sy invallers, het valse hoop by die Boereregerings gewek dat Duitsland bereid sou wees om vir hulle in die bres te tree. Niks het egter hiervan gekom nie. Vir die Boeresaak was dit ongelukkig dat die oorlog juis in daardie kort tydsverloop plaasgevind het wat Brittanje en Duitsland toenadering tot mekaar gesoek het.

Wilhelm het seker gemaak dat hy nie beskikbaar was om die Boere-deputasie te woord te staan nie toe hulle Europa middel-1900 besoek het om buitelandse intervensie te verkry. Toe Kruger in November 1900 in Europa aanland, as 't ware die Boereregerings se laaste troefkaart om vrede met behoud van onafhanklikheid te kry, was dit Wilhelm se weiering om die Transvaalse president te ontvang, wat die bodem uit Kruger se sending geslaan het.

In teenstelling tot hulle regering se onverskilligheid, het die Duitse volk 'n sterk pro-Boergevoel geopenbaar. Die oorsprong daarvan het nie alleen in die diepe argwaan teen Brittanje gelê nie, maar ook in 'n warmte vir die Boere, wat skielik as mede-Duitsers gesien is, vegtende vir die behoud van 'n stukkie Duitse beskawing in 'n afgeleë hoekie van Afrika, onder druk van 'n roekelose Brittanje. Massavergaderings is gehou, petitisies is onderteken en mosies aanvaar wat almal met die Boere gesimpatiseer het en die Duitse regering veroordeel het vir sy hartelose houding. Komitees soos die *All-Deutsche Verband* en die *Deutsche Centrale für Bestrebungen zur Beendigung des Krieges*, met sy mondstuk, *Der Burenfreund*, was veral aktief. Toe die lyding van die Boerevroue en kinders in die konsentrasiekampe in 1901 rugbaar word, is hulpfondse deur organisasies gestig soos die *Burenhilfsbund*, die *Frauenhilfsbund* en die *Deutsche Buren Centrale* met sy hoofkwartiere in München. Hierdie komitees was steeds in mindere of meerdere mate aktief toe die vrede in Mei 1902 gesluit is.

Dit is dus begryplik dat daar gedurende en kort na die Anglo-Boereoorlog 'n stroom publikasies die lig gesien het wat die Duitse pro-Boergevoel weerspieël het. Teen 1910, met Uniewording, het die belangstelling egter al begin taan, om nooit weer toe te neem nie. Hierdie sentiment word ook deur die afname in die aantal publikasies gereflekteer.

Die samestellers van *German publications on the Anglo-Boer War* is geen onbekendes nie. Te midde van sy uitgee-bydraes is Stassen besig met sy doktorale proefskrif in geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria, en Van der Heyden verteenwoordig min of meer die huidige geslag historici in Duitsland wat hulle met die Anglo-Boereoorlog besig hou.

Die boek bestaan uit 'n kort inleiding oor Duitse belangstelling in die Anglo-Boereoorlog, gevolg deur 'n verantwoording vir die publikasie. Hierdie gedeelte word in Engels, Afrikaans en Duits aangebied. Daarna volg 'n 70-bladsylange lys van Duitse publikasies wat op een of ander wyse met die Anglo-Boereoorlog te make het. Mono-

grafieë is opgeneem, maar nie artikels in akademiese tydskrifte nie, en hulle is uitsluitlik in Duits. Dit sluit publikasies in wat in Duitsland, Oostenryk, Switserland, en selfs Rusland en Pole verskyn het. Vertalings na Duits is ook ingesluit, en sowel historiese as belletristiese werke is opgeneem. Die bibliografie is chronologies in drie afdelings georganiseer: werke tot 1910 (wat uiteraard die meeste ruimte beslaan), werke tussen 1911 en 1960 en dié na 1960. Daar word nie 'n verduideliking gegee vir die keuse van 1960 as bepalende datum nie. Republiekwording in 1961 sou miskien meer gepas gewees het, toe die Vrede van Vereeniging op 'n manier omgekeer is.

Die samestellers moet gelukgewens word. Resensent het hierdie kant toe en daardie kant toe die pad gevat, maar elke getoetse publikasie, hetsy belangrik of minder bekend, is teenwoordig – ook baie wat ek nog nooit van gehoor het nie. Ek was bewus van die Nederlander, Stamperius, se navertelling vir die jeug van generaal C.R. de Wet se *De Strijd tusschen Boer en Brit*, maar moes nou verneem van 'n soortgelyke Duitse publikasie "für die Jugend frei bearbeitet" deur A. Oskar Klaussmann. Dit was ook bevredigend om nie alleen Oskar Hintrager se gepubliseerde dagboek van 1902 aan te tref nie, maar ook die uitgawe wat in 1949 die lig gesien het.

En so marsjeer hulle by jou verby: Julius Fessler, H. Küttner, Otto von Lossberg, Justus Scheibert, Adolf Schiel, August Schowalter, Franz Seiner, graaf von Sternberg, Hero Tilemann, Wilhelm Vallentin, K. von Rennenkampff, en later Ulrich Kröll, Klaus Nordbruch, Erwin Schmidl en Paul Skawran, en nog vele meer. Selfs Wilbur Smith, met sy *Der Unbesiegbare* ("When the lion feeds") en *Im schatten seines Bruders* ("The sound of thunder") onder die arm.

Knap gedaan, samestellers! Hierdie is 'n onontbeerlike publikasie vir diegene wat meer van die Duitssprekende wêreld se ervaring van die Anglo-Boereoorlog te wete wil kom.

# Selfvertroue

**McGinnis, Alan L.** 2007. **Selfvertroue: die sleutel tot jou ware self.** Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. 181 p. Prys: R69,95. ISBN: 978-1-86829-485-5.

**Resensent**: Esmé van Rensburg
Skool vir Psigososiale Gedragswetenskappe,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Gebrekkige selfvertroue en 'n swak selfbeeld is problematiek waarmee daar baie gereeld by sielkundiges, maatskaplike werkers en beraders aangemeld word. Dikwels word daar juis *nie* daarmee aangemeld nie, omdat mense voel dat dit darem te "effentjies" van 'n probleem is om by 'n sielkundige of ander professionele persoon aan te meld. Gevolglik is daar 'n groot behoefte aan selfhelpboeke wat juis hierdie tipe probleme hanteer.

Dit was met groot verwagting wat ek die boek *Selfvertroue: die sleutel tot die ware self* begin lees het. Die skrywer verdeel die boek in vyf dele: In Deel een word die vier grondbeginsels om selfvertroue te ontwikkel bespreek. McGinnis raak aspekte aan van hoe die individu sy vermoëns kan ontwikkel, die innerlike self kan ontdek, werkverslawing kan voorkom en na persoonlike voortreflikheid moet en kan streef. In die tweede deel word daaglikse oefeninge voorgestel om selfvertroue te bevorder. Deel drie handel oor verskillende stappe na onafhanklikheid en in Deel vier bespreek die outeur komponente wat selfvertroue kan kelder. In die laaste deel toon hy die verband tussen liefde en selfvertroue aan.

Alhoewel daar baie waarhede in die boek voorkom, wat nuttig gebruik kan word, maak die skrywer in oormaat gebruik van voorbeelde en gevallestudies. Die voorbeelde en gevallestudies wat McGinnis gebruik is dikwels persone of situasies waarmee Jan Publiek hom moeilik sal kan versoen. McGinnis maak meestal gebruik van persone wat óf baie suksesvol, óf baie ryk, óf beroemd was, maar wat nie oor voldoende selfvertroue beskik het nie en nou word vertel hoe hulle dit oorkom het. So gebruik hy 'n bekende Kanadese pianis, 'n leraar van die grootste Presbiteriaanse gemeente, die bekende skrywer dr. James Dobson, mediese dokters, ryk sakemanne, ensovoorts om te illustreer hoe mense hulle selfvertroue verbeter het. Dit is ongelukkig so dat 'n persoon met 'n swak self-

beeld en gebrekkige selfvertroue hierdie rolmodelle waarskynlik intimiderend, eerder as inspirerend sal vind. So byvoorbeeld doen die skrywer aan die hand dat "'n mens die beste moet maak van dit wat jy het" (p. 25). Hy gee 'n baie kort uiteensetting van wat hy hiermee bedoel: "Ons taak is om dit te vat wat ons gekry het en fluks daarmee te woeker en die beste daarvan te maak" (p. 25), maar dan is die res van die gedeelte gewy aan 'n voorbeeld van 'n persoon met hidrosefalie.

Kritiek teen die boek is dus dat dit nie slaag as 'n selfhelpgids nie. Trouens, die skryfstyl met so baie voorbeelde maak dit selfs plek-plek moeilik om te lees. 'n Mens vra jouself dikwels in die lees van spesifieke gedeeltes die vraag: Waarheen is die skrywer nou eintlik op pad met hierdie lang gevallestudie? Wat kan ek in hierdie voorbeeld/gevallestudie gebruik waarmee ek sal kan identifiseer, of wat op my van toepassing is? Jan of Sarie wat gemiddelde mense is met gemiddelde beroepe en wat gewone lewens lei, maar 'n gebrek het aan selfvertroue, gaan nie die boek kan gebruik met dramatiese gevolge nie. Dit wil ook voorkom asof die skrywer soms in kitsoplossings verval wat onrealisties is (bv. "Visualiseer jou sukses", p. 76-84).

Daar is enkele gedeeltes wat wel van waarde is. So is die riglyne oor hoe om jou innerlike self te ondersoek (p. 37-41) sinvol, maar weereens kon die waarde daarvan verhoog gewees het indien die skrywer uitgebrei het op die verskillende metodes eerder as om lang beskrywings van persone te gee. Die riglyne wat verskaf word aan werkverslaafdes (p. 50-53) verskaf waardevolle inligting oor hoe om die probleem van werksverslawing te hanteer.

Alhoewel die boek vanuit 'n Christelike perspektief geskryf is en die skrywer dikwels sy stellings met tekste of gedeeltes uit die Bybel staaf, is dit in geheel nie 'n oortuigende en inspirende gids nie.